Die hantering van kritiek

Hier is 'n paar riglyne om kritiek te kan hanteer sonder dat ons pessimisties daarvan word:

1. Beskou kritiek as onvermydelik

In 'n onlangse studie het 81 persent van Amerikaanse predikante gesê dat hulle vyandige kritiek ervaar het. Vyf en twintig persent het gevoel, dat om kritiek te hanteer die moeilikste probleem van die bediening is. Dit is sinneloos om te dink dat jy kritiek in die bediening kan vermy. Indien jy God se hele raad bedien, soos wat jy moet doen, dan gaan jy verseker 'n teiken word vir kritiek. Jesus sê immers in Lukas 6:26: *"Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat."* Verwag kritiek; moenie platgeslaan word daardeur nie.

2. Oorweeg die motief

Dit is in die eerste plek krities belangrik om goed te luister. Moenie slegs die feite probeer kry nie, maar vra ook: Hoor en verstaan ek die kritiek reg en heeltemal akkuraat? Het ek die regte probleem gehoor en nie slegs 'n simptoom van iets wat dieper is nie? Onopgeloste woede, depressie, veranderings in lewenssituasies, frustrasie in verhoudings, jaloesie, verpletterde verwagtings en ontevredenheid met kerkwerk kan alles lei tot kritiek. Vra jouself dus: "Het die persoon wat my kritiseer 'n geldige motief, of is dit 'n indikasie van iets anders? Byvoorbeeld, geniet die kritikus dit om fout te vind omdat dit hom op een of ander manier superieur laat voel?" As jy die persoon se motief verstaan, sal dit jou help om beter te reageer en die kritiek beter te hanteer.

3. Oorweeg die bron

Wie kritiseer jou – 'n ampsdraer, 'n persoon volwasse in die geloof, 'n jong gelowige, 'n ongelowige, 'n hoogs-kritiese individu of 'n randgeval van die kerk? James Taylor skryf: "Die wat kritiseer is gewoonlik daardie op die rand, wat terugstaan en doof is vir elke appèl vir diens." Kritiek van sulke persone verdien selde gehoor, verandering of enige ander energie-investering van jou kant af.

Aan die ander kant, as die kritiek kom van 'n persoon wat volwasse in die geloof is, of van 'n ampsdraer wat gewoonlik ondersteunend is, moet jy dit ernstig oorweeg en dan sal jy dikwels vind dat daar waarheid in steek en verandering van jou vra. Meer nog, jy moet konstruktiewe evaluasies van sulke persone aanmoedig. Dit geld oor die algemeen dat hoe meer jy opbouende kritiek verwelkom, hoe meer vind jou bediening en verhoudings met ander baat daarby.

4. Oorweeg die konteks

Die fisiese opset, tydsberekening en die situasie waarvandaan die kritiek kom, mag ons help om te bepaal of die kritiek van hulp is of nie. 'n Algemene reël is: moenie op kritiek reageer vir ten minste vier en twintig uur nie. Dit gee jou tyd om te spandeer aan gebed, evaluering van jou gevoelens, gedeeltelike verwerking van die gevoel dat jy seergemaak is en die inroep van ander (wat jy respekteer), se wysheid.

Om te haastig die oplossing van sake te forseer, kan 'n slegte situasie vererger. Sommige situasies sal slegs positief verander met die genesende krag van tyd. Die waarheid het 'n manier om homself uiteindelik te laat geld. Lukas 21:19 sê: *"Deur julle lydsaamheid moet julle jul lewe in besit kry."*

5. Oorweeg jouself

Kritici is dikwels God se geskenk aan ons om ons te beskerm van selfvoldane en selfvernietigende neigings. Die Heilige Gees gebruik kritici om ons te keer om onsself te regverdig, te verdedig en te verhef. Alhoewel kritici gereeld hulle saak oordryf en selde heeltemal reg is, is hulle wel gereeld *gedeeltelik* reg.

Vra jouself: "Reageer ek gepas op kritiek?" Onthou, diegene met 'n oor vir Christus leer om ook 'n oor vir ander te hê. Wanneer jy vind dat jy gereeld geringgeskat, verwaarloos en mishandel voel, moet jy jou gevoelens met agterdog bejeën. Laat jouself toe om meer kwesbaar te wees. Kla minder deur te oorweeg hoe min kritiek jy in werklikheid ontvang – en dit terwyl jy totaal onwaardig is in vergelyking met Christus.

Vind 'n paar 'vennote' wat verantwoordelik jou reaksies kan monitor. Soek na die moed en wysheid wat nodig is om die kors om jou eie *ek* binne te dring. Moenie bang wees om te sê: "Ek was verkeerd; sal jy my vergewe?" nie.

6. Oorweeg die inhoud

Jy kan waardevolle lesse omtrent jouself van kritici leer. Wees dankbaar daarvoor. Sommige van ons beste vriende is diegene wat liefdevol, openlik en intelligent van ons verskil. *"Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel"* (Spreuke 27:6). Nuttige kritiek is soos goeie medisyne.

David Pawlison het geskryf:

> "Kritici, soos regerende owerhede, is diensknegte van God aan jou ten goede (Romeine 13:4). Hy wat binne in harte kyk gebruik kritici sodat ons self dinge raaksien: volkome gebrek aan geloof en uitlewing, verwronge eensydighede, blinde kolle, areas van verwaarlosing, houdings en aksies wat teenstrydig is met gestelde oortuigings en ja, mense wat ook sterk punte en betekenisvolle bydraes raaksien".

JR Beeke

© by skrywer - 2010
www.christelikebiblioteek.co.za